Koffietafel Met Berêplek.

Veeldoelige meubels moet deesdae veel meer doen as net mooi lyk. Hier is die instruksies om ‘n koffietafel te maak met bêreplek onder die blad, wat kan afskuif.

Inkopielys

Saaglys:

A.) Dekselbokante: 2 stukke Supawood van 700 x 700 x 16 millimeter.
B.) Dekselsykante: 4 stukke Supawood van 700 x 200 x 16 millimeter.
C.) Dekseleindpunte: 2 stukke Supawood van 668 x 200 x 16 millimeter.
D.) Basisonderkant: 1 stuk Supawood van 1368 x 630 x 16 millimeter.
E.) Basissykante: 2 stukke Supawood van 1368 x 368 x 16 millimeter.
F.) Basiseindpunte: 2 stukke Supawood van 630 x 368 x 16 millimeter.
G.) Spasieerders/skuiwe: 8 stukke supawood van 600 x 50 x 16 millimeter.

Ander:

- 25 mm en 30 mm spaanderbord skroewe
- houtvuller
- houtonderlaag
- emaljeverf

Wat het jy nodig?:

- potlood en maatband
- kragboor
- 3 mm boorpunte
- koordlose boor
- versinkboorpunt
- G-klampe
- skraper
- skuurder en skuurpapier
- verfkwas
- sponsroller

So maak jy:

1.) Gebruik afval stukke om lyne 16 mm van die rand van elke kort sy van al die dekselsykante (B) te merk. Doen dieselfde met die basissykante (E). Die merke dui aan waar die leigate geboor moet word.
2.) Boor drie of vier eweredig gespasieerde 3 mm leigate op elk van die rande.
Wenk: Sit ‘n stukkie afval hout onder, sodat jy nie die werkbank beskadig nie. Die afval hout onder elke gat voorkom ook dat die onderkant van die bord uitwaarts plof. Gebruik ‘n versinkboorpunt om ‘n holte te vorm, sodat die skroefkoppe tot effens onder die oppervlak ingeskroef kan word.
3.) Sit die dekseleindpunte (C) teen regte hoeke, met die sykantdele (B) en boor leigate wat ooreen stem met die gate wat in stap 2 geboor is. Doen dieselfde met die basiseindpunte (F) en basissykante (E). Jy behoort nou twee dekselrame met drie sye van 700 x 668 x 200 mm en een basisraam met vier sye van 1368 x 630 x 368 mm te hê.
4.) Sit die basisbokssykante en dekselrame met die 30 mm spaanderbord skroewe aanmekaar. Draai die skroewe tot onder die oppervlak in, sodat die gaatjies later opgevul kan word.
5.) Versink leigate in die twee deksels (A) en die basisonderkant (D). Sit ‘n dekselbokant (A) oor een van die dekselrame en skroef dit in posisie vas. Doen dieselfde met die ander dekselbokant en raam. Sit die basisonderkant (D) oor die basisraam en skroef dit in posisie vas om die boks te voltooi, wat die basis van die tafel vorm.
6.) Klamp ‘n spasieerder (G) op die borand van ‘n lang sy van die basisboks vas, gelyk met een eindpunt, en skroef dit met 25 mm spaanderbord skroewe in posisie vas. Skroef nog ‘n spasieerder (G) op die borand van die basisboks vas, gelyk met die ander eindpunt. Herhaal aan die anderkant van die boks.

7.) Gebruik die 25 mm spaanderbord skroewe en skroef die oorblywende vier spasieerders (G) ongeveer 50 mm onder die die boonste binnerand van die dekselbokante was – een aan elke kant (binnekant) van die twee dekselrame – en gelyk met die voorkant. Laat ‘n effense gaping, sodat die deksels glad kan oopskuif.
8.) Sit die deksels in posisie en maak seker dat dit seepglad skuif.
9.) Vul al die gate met houtvuller en laat dit droog word voordat jy dit gelyk met die omringende oppervlak skuur.
10.) Werk die hele eenheid (albei deksels en die basisboks) aan die binnekant met ‘n hout-onderlaag af.
11.) Die koffietafel kan nou afgewerk word, met ‘n emaljebolaag in enige kleur.

Skuif die deksels van mekaar om die ruim stoorplek binne-in te bereik. Al die sigbare rommel soos tydskrifte, CD’s, DVD’s en boeke kan nou buite sig gebêre word. Dit kan ook as ‘n onopsigtelike drankkabinet gebruik word, of om los kussings en ander items te bêre.